

SONDAG 14 SEPTEMBER 2003
 NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
 OGGENDDIENS

LITURGIE

| WIE | WAT | DETAIL | BORD/MUSIEK |
|--------------------------|--|---|--|
| | Voorsang | | |
| Liturg | Welkom & groet Afkondigings | | |
| Liturg | Gebed | | |
| Hannes | Lof | JR7:1-2 "Loof Hom met die tromme" JG26:1-3 "Jubel o nasies" LB590:1-2 "Het jy gehoor dat eenmaal?" Oorwiingslied (1-3) | JR7:1-2 JG26:1-3 LB590:1-2 oorwin |
| Diakens | Offergawe | Afkondings op bord | afkondig |
| Liturg | Oproep tot aanbidding | [Bruce Almighty] | |
| Hannes | Aanbidding | LB172 (2x) "heilig, heilig, heilig"(Melodie JG18) lb171:1-2 "Heilig, heilig, heilig" LB164:1-2 "Ons is almal hier tesaam" | LB172 (2x) LB171:1-2 LB164:1-2 |
| | | <u>Record aan</u> | <u>Klank: Record</u> |
| Liturg | Gebed | | |
| Liturg | Skriflesing | Jes 55:8-13 (teks = v11) Amos 8:11-12 | Skrif |
| Liturg | Preek | God praat deur Sy Woord! | Skrif |
| Almal | Stilgebed en Toewyding (Tafel gereed) | Musiek: Ek gee jou My Woord (Ronell Erasmus) | Musiek1 |
| ** | Gebed | | |
| | | <u>Record af</u> | <u>Klank: Stop Record</u> |
| Liturg | Agtergrond | 2 Maniere van praat: Woord & sakramente <ul style="list-style-type: none"> • sigbare tekens en seëls • padkos | |
| Liturg | Formulier (opsom) | 1 Kor 11:23-29 Skuldbelydenis Geloofsbelydenis | |
| Liturg Oom Sakkie | Bediening | Uitdeel (Uitnooi) LB303:1 (3x) Eers liturg - dan gemeente Instelling Maaltyd (Musiek: Nagmaalskied) Dankgebed | LB303c Musiek2 (sag) |
| Hannes | Lied | "Hy gaan kom op die wolke" | ashykom: 1-2 |
| Liturg | Seën | Seënbede | seenbede |

LITURGIE 2e diens

| <u>WIE</u> | <u>WAT</u> | <u>DETAIL</u> | <u>BORD/MUSIEK</u> |
|----------------------|-----------------------------|---|---|
| KMG | Voorsang | Geel 8:1-2 “Ek het hande, ek het voete” KSL 77:1-2 “Jesus het die kinders lief” H-16 “Hy’s die Een wat ek liefhet” Geel 5:1-2 “Die sonde lê en loer” JG 24:1-2 “Jesus nooi die kinders uit” “Dankie” (1-4 A-2 “Abba Vader” (2x) E-1 “Hemelvader” | ekhetande KSL77 / brief hysdieeen loer jesusnooi dankie abbavader hemelvad |
| Liturg | Welkom & groet | | |
| Liturg | Gebed | | |
| Hannes | Lof | JR7:1-2 “Loof Hom met die tromme” JG26:1-3 “Jubel o nasies” LB590:1-2 “Het jy gehoor dat eenmaal?” Oorwiingslied (1-3) | JR7:1-2 JG26:1-3 LB590:1-2 oorwin |
| Diakens | Offergawe | Afkondings op bord | afkondig |
| Liturg | Oproep tot aanbidding | [Bruce Almighty] | |
| Hannes | Aanbidding | LB172 (2x) “heilig, heilig, heilig” lb171:1-2 “Heilig, heilig, heilig” LB164:1-2 “Ons is almal hier tesaam” | LB172 (2x) LB171:1-2 LB164:1-2 |
| | | <u>Record aan</u> | <u>Klank: Record</u> |
| Liturg | Gebed | | |
| Liturg | Skriflesing | Jes 55:8-13 (teks = v11) Amos 8:11-12 | Skrif |
| Liturg | Preek | God praat deur Sy Woord! | Skrif |
| Almal | Toewyding (Tafel gereed) | Musiek: Ek gee jou My Woord (Ronell Erasmus) | Musiek1 |
| Liturg | Gebed | | |
| | | <u>Record af</u> | <u>Klank: Stop Record</u> |
| Liturg | Agtergrond | 2 Maniere van praat: Woord & sakramente <ul style="list-style-type: none"> • sigbare tekens en seëls • padkos | |
| Liturg | Formulier (opsom) | 1 Kor 11:23-29 Skuldbelydenis Geloofsbelydenis | |
| Liturg Oom Sakkie | Bediening | Uitdeel (Uitnoui) LB303:1 (3x) Eers liturg, dan gemeente Instelling Maaltyd (Musiek: Nagmaalskied) Dankgebed | LB303c Musiek2 (sag) |
| Hannes | Lied | “Hy gaan kom op die wolke” | ashykom: 1-2 |
| Liturg | Seën | Seënbede | seenbede |

PREEKSKETS

INLEIDING

Ons is besig om te gesels oor die tema “Hoor God se stem”.

- Gebruik die boek van Henry & Richard Blackaby.
- En ons is besig met die vraag: Hoe hoor ‘n mens God se stem?
- Twee weke gelede het ons gesels oor die vraag: Praat God vandag nogsteeds met mense.
- En ons het gesê: JA!
- Hy is ‘n God wat praat en lusiter.
- Laas week het ons gesê dat God op baie maniere met mense praat.
- Maar die groot manier hoe God praat is deur die Heilige Gees.
- En ons het gesê die Heilige Gees praat op een manier met die mense wat die Here nie ken nie, en op ‘n ander manier met die Here se kinders.
- Hierdie week gaan ons nog so treetjie verder:
 - God praat met mense.
 - Die Heilige Gees praat met mense.
 - Hoe doen Hy dit?
 - Deur die Woord / Bybel.
 - Hierdie is die mees algemene manier hoe God met mense praat.
 - Dag vir dag praat God met mense deur die Woord.

Kom ek gee vir julle ‘n (aangrypende) voorbeeld.

(Verhaal van Spurgeon (P84-85))

- 6 Januarie 1850
- London swaar sneeustorm
- Mense kan nie by werke en kerk kom nie
- Jong seun - 15 jaar - wil graag kerk toe gaan
- Op sy ma se voorstel - kies koers na kerk in Colchester.
- MAAR die storm was te sterk - kom by Primitive Methodist Church in Artillerystraat
- Slegs handjievul stoere lidmate (15)
- Predikant kon ook nie tot by die kerk kom nie.
- Maer benerige man stem in om paar woorde te sê
- Lees Jes 45:22 “Kom na My toe dat julle gered kan word, almal op die aarde..”
- Sukkel vir ‘n rukkie met die gedeelte.
- Toe kyk hy na die jong seun op die gallery en sê: “Jong jman, jy is in die moeilikheid. Kyk na Jesus Christus! Kyk! Kyk! Kyk!”
- Op daardie oomblik gee hierdie seun sy hart vir die Here.
- Sy naam was Charles Spurgeon.
- Word een van die grootste predikers van die moderne tyd.

‘n Eenvoudige man.

‘N Eenvoudige ou kerkie.

‘N Eenvoudige erediens.

‘N Eenvoudige teks uit Jes 45.

- Maar dit draai iemand se hele lewe om.

Weet julle hoekoem?

Want hierdie Bybel is ...

MEER AS NET ‘N BOEK / VERS

Die Bybel is die “best seller” van alle tye.

- Daar is nie nog ‘n boek waarvan daar soveel kopieë gedruk en verkoop is nie.

- Dis die bes-verkoopte boek in die hele wêreld.
- Maar die slegte nuus: dis ook die boek wat die minste gelees word.
- Om een of ander rede, wil elke mens 'n Bybel hê.
- Of hy dit lees of nie, hy wil 'n Bybel hê.
- Hoekom?
- Want in 'n sekere sin voel mense dat as hy 'n Bybel het, het hy die Woord van God.

Maar Weet julle, hierdie Bybel is net 'n boek (as hy daar lê..)

- Buiteblad
- gewone bladsye aan die binnekant
- Gedruk met 'n gewone boekdrukker
- Geskryf in gewone Afrikaans.
- Gedruk op gewonde papier.
- En hy word verkoop soos alle ander boeke.
- En hy staan op die rak tussen alle ander boeke.
- En as sodanig is dit nie Woord van God nie.
- Dis net 'n versameling boeke (dis wat die woord Bybel beteken)

Maar as ek dit oopmaak en lees

En ek soek antwoorde hierin

En ek soek na God hierin

- ...as die Heilige Gees hierdie boek gebruik...
- ...as die Heilige Gees hierdie tekste gebruik...

Dan is dit skielik baie meer as net 'n gewone boek.

- Dan is die Woord van God vir mense soos ons.
- Sy boodskap.
- Sy brief.
- En dan hoor mense skielik God se stem in hierdie boek.
- Dan is Ps 23 meer as net 'n mooi Psalm oor 'n Herder.
- Dan is Psalm 23 die stem van die Herder self wat vir my sê: vertrou My, Ek sal sorg!

En wanneer mense hierdie Bybel (versameling boeke) lees....

En wanneer die Heilige Gees hierdie Bybel gebruik....

BEREIK WAT GOD WIL BEREIK

Die Bybel begin met die skepping van alle dinge.

- Die aarde was woest en leeg.
- Dit was donker op die aarde.
- Daar was letterlik chaos.
- Dit het erger as jou kinders se kamer gelyk.
- Totale chaos.
- En dan praat die Here God.
- “Laat daar lig wees” - 4 woorde
- In Hebreeus: net twee woorde “jehi-or”
- Net twee woorde uit Sy mond.

En die volgende oomblik was daar lig.

- Al die verskillende kleure in lig.
- Die volle spektrum van lig.
- Met 'n sekere digtheid wat wetenskaplike miljoene jare later eers sou bepaal.
- Met 'n spoed waaroor ons vandag nog verstom is.
- Net twee woorde uit God se mond uit: “jehi-or”
- Maar hierdie twee woorde was bedoel om lig te laat ontstaan...
- ...en dit het lig laat ontstaan.

En God het gesê: “Laat daar 'n gewelf wees”

- En daar was 'n gewelf.

Laat daar hemelliggame wees...

- 'n son
- 'n maan
- sterre
- melkweë
- wentelbane
- 'n oneindige groot universum.
- 'n "Expanding Universe"
- En dit het gebeur

Besef jy hoe kragtig die Woord is wat uit die Here se mond kom?

- Besef jy hoe kragtig is Sy belofte?
- Besef jy hoe kragtig is elke woord wat Hy met jou praat?

Weet jy: die Bybel begin met die boodskap dat dit wat God sê, gebeur.

- Die woorde wat uit Sy mond gekom het, het alles bereik waarvoor hulle bedoel is.
- Elke ding wat Hy gesê het moet gebeur, het gebeur.

In Jes 55:10-11 staan:

“Die reën en die sneeu kom uit die hemel uit en dit gaan nie daarheen terug nie maar deurweek die aarde en laat die plante bot en vrugte dra, sodat daar saad is om te saai en brood om te eet. So sal die woorde wat uit My mond kom, ook wees. Dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het.”

Soos wat die reën nuwe lewe bring...

- groen blaartjies
- bloeisels
- vrugte

want dis waarvoor die reën bedoel is.

So sal die Woord wat uit die Here se mond uit kom doen waarvoor dit bedoel is.

Hierdie (Bybel) boek is meer as net 'n boek.

- Dit wat hierin staan sal gebeur.
- Elke woord wat uit die mond van God kom sal bereik wat dit moet bereik.
- Elke belofte sal vervul word.
- Elke profesie sal in vervulling gaan.
- Elke aankondiging oor die eindtyd, sal gebeur.

“Dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het.”

Wat wil die Here God met hierdie Woord bereik?

1. LEWE BRING

Toe die volk Israel gereed gemaak het om in die beloofde land in te trek, het Moses hulle bymekaargeroep en herinner aan alles wat die Here gesê het.

*Deut 30:15-16 “Ek het vandag die lewe en die voorspoed, die dood en die teenspoed aan jou voorgedra. As jy die Here jou God liefhet en Sy wil doen deur Sy geboorte, Sy voorskrifte en Sy bepalings te hou wat ek jou vandag gegee het, te gehoorsaam, **sal jy lewe** en baie word en sal die Here jou God jou voorspoedig maak in die land wat jy in besit gaan neem.”*

Die Here sê:

- As jy doen wat in My Woord staan...
- As jy hou by wat Ek vir jou leer...
- Dan sal jy lewe.

Vriende, hierdie “boek”...

- is nie net mooi lewenslessies nie...
- is nie net ‘n klomp teksverse om vergaderings mee te open nie...
- is nie ‘n klomp pynlike verse wat ek in die sondegskoolklas moet leer nie

Maar...

- is die verskil tussen lewe en dood.
- As jy doen wat hierin staan sal jy lewe.
- As jy nie doen wat hierin staan nie, sal jy sterf.
- Hierdie eenvoudige “boek” is die verskil tussen lewe en dood.

Regdeur die geskiedenis het die Heilige Gees deur hierdie “boek” dooie mense lewendig gemaak.

- Martin Luther het vir jare in ‘n klooster gebly en gewerk.
- Hy het ‘n God aanbid wat hard en ongenaakbaar was.
- ‘n God wat Hy nie kon liefhê nie maar gevolg het uit vrees.
- Hy was doodbang dat hy per ongeluk een sonde sal oorsien en dat God hom sou straf.
- Op ‘n dag was hy besig om Bybel te lees uit Pauls se brief aan die Romeine.
- En skielik het iets in hierdie Bybel hom gegryp:
- “...die geregtigheid van God...”
- En hy het gewonder wat dit kon beteken: “...die geregtigheid van God...”
- En skielik het hy besef:
 - God spreek ons nie vry omdat ons dit verdien nie.
 - God spreek ons vry omdat Hy ‘n genadige God is.
 - Omdat Hy ‘n liefdevolle Vader is.
- En Martin Luther sê:
 - Op daardie oomblik het hy gevoel dat hy letterlik opnuut gebore word.
 - Dit het gevoel asof hy in die paradys ingaan.
- Hoe het dit gebeur?
 - Deur te lees uit hierdie boek.

Die Heilige Gees gebruik hierdie “boek” om aan mense die lewe te gee.

Jesus sê in Joh 6:63

“Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe.”

Wil jy vir ewig lewe?

Wil jy hê jou kinders moet vir ewig lewe?

- Hier is die verskil tussen lewe en dood.
- Mense wat hierdie Woord kies en daarvolgens lewe, lewe vir altyd.
- Mense wat nie kies nie en nie daarvolgens lewe nie, sterf vir altyd.

2. VERANDER LEWENS

Hierdie boek het meer mense se lewens verander as enige ander boek in die wêreld.

- Martin Luther (Romeine)
- Charles en John Wesley (Galasiërs)
- Hoeveel mense het hulle harte al vir die Here gegee by die aanhoor van Openb 3:20 “Kyk Ek staan by die deur en Ek klop..”

Hierdie boek verander mense se lewens.

- Bevat beloftes
Mat 7:7 “Vra, en vir julle sal gegee word; soek en julle sal kry; klop en vir julle sal

ooggemaak word...”

Joh 14:13 “Wat julle ookal in My Naam vra, sal Ek doen sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word.”

Fil 4:19 “En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgend Sy oorvloedige rykdom in Christus Jesus.”

Fil 4:6 “Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.”

Louis Malherbe vertel in een van sy videos:

- *Dogter in ‘n reuse motor-ongeluk.*
- *Haar hele liggaam was stukkend.*
- *Sy was in ‘n koma.*
- *Daar was geen hoop op herstel nie.*
- *Maar terwyl hulle voor die deur van die teater sit, het die Here vir hulle klomp beloftes uit Sy Woord gegee...*
- *En hulle het vasgehou aan elkeen van hierdie beloftes.*
- *Hulle het dit dag vir dag oor en oor gelees.*
- *En in die loop van ‘n paar maande het al hierdie beloftes waar geword.*
- *En hulle dogter het volkome herstel.*

Hier is ‘n klom beloftes vir jou en vir my.

- **Gee leiding**

Leiding oor die huwelik: 1 Kor 7

Leiding oor hofsake tussen gelowiges: 1 Kor 6

Leiding oor weduwees: 1 Tim 5

Leiding oor vleis wat aan afgode geoffer is: 1 Kor 8

Leiding oor owerhede: Rom 13

Leiding oor belasting.

Leiding oor verhoudings: Kol 3

Leiding oor besigheid.

Wil jy hê die Here ,oet jou lei?

Dis alles hier.

- **Troos**

Ek wonder hoeveel mense het al gaan troos soek in Psalm 23?

Hoeveel mense het wanneer dit moeilik gaan met hul finansies, troos gekry in Hebr 13:6 “Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.”

Hoeveel mense het in onregverdige situasies troos gekry uit Psalm 37.

Hoeveel mense het, wanneer die lewe net te veel is, troos gekry uit Jesus se woorde: “Kom na My toe, almal wat moeg en oorlaai is...”

Op soek na troos?

Dis hier!

- **Ontbloot**

Die Bybel is nie net ‘n mooi boek wat troos en “comfort” nie.

Dis ‘n boek wat ‘n mens ontbloot en kop onderstebo laat staan:

Hebreërs 4:12 “Die Woord van God is lewendig en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot in die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.”

Wie van julle het ooit met julle pa se skeermes in die bad gespeel?

- Dis gevaarlik.
- Maak nie saak hoe jy hom hanteer nie - hy sny jou raak.

Die Woord van God is gevaarlik.

- Vroeër of later gaan hy jou raaksny.
- Vroeër of later gaan homet jou praat oor elke sonde in jou lewe.
- Ook die waarvan niemand anders weet nie.
- Die wat jy ver en diep en veilig gebêre het.
- Want hierdie Woord is soos ‘n chirurg se mes.
- Dit sny tot by die wortel van die kwaad.
- En dit verwyder alle alles wat sleg is.

Ja, party dae is die Woord soos ‘n salfie wat die gejeuk wegvat.

Op ‘n ander dag is dit soos ‘n pleister wat troos.

En op ‘n ander dag is dit soos ‘n chirurg se mes wat oopsny en verwyder.

Watter verantwoordelikheid het ek?

1. JY MOET TYD MET DIE WOORD SPANDEER

- Begrip
- Meditasie
- Bybelstudie

Ten slotte:

VRA ‘N ANTWOORD

Die Bybel is nie net klom interessante inligting nie.

Dis nie net ‘n mooi verhaal nie.

Dis God se Woord aan my.

En elke Woord wat na my toe kom, vra ‘n antwoord.

- “Ja” of “nee”
- “Ek sal” of “ek sal nie”
- “Ek glo” of “ek glo nie”
- “Ek doen afstand” of “ek doen nie afstand nie”
- Wat is jou antwoord?

De nagmaal is ‘n ete vir mense wat “ja” antwoord.

- “Ek glo”
- “Ek sal”
- “Ek doen afstand”

Die Here praat vandag met ons deur Sy Woord, maar ook deur die tekens?

- Wat is jou antwoord?